DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

BIBLIOTEEK * FERDINAND POSTMA *

DEEL XI. Donderdag, 6 September 1956. Nr. 8. 9

# PREMIER besoek P.U.

## *Lê hoeksteen vir Administrasiegebou en open Kafeteria.*

*'n Warme ontvangs het Sy Edele advokaat J. G. Strijdom en mevr. Strijdom te beurt geval met hul besoek aan die P.U. vir C.H.O. op Saterdag 25 Augustus. 'n Feestelike stemming het geheers en sowel die besoekers as die studente het 'n aangename dag deurgebring.*



Sy Edele adv. J. G. Strijdom.

EREWAG.

'n Erewag bestaande uit studente met kleurbaadjies aan, wat die gaste begroet het, het 'n mooi indruk gemaak. In die Studentesaal is die gaste offisieel verwelkom en is die Premierspaar staande toegejuig.

In 'n kort rede het Sy Edele 'n skets gegee van die ontstaan en groei van die P.U. vir C.H.O. Hy het verklaar dat die romantiese verhaal van die bestaan van die P.U. getuig van idealisme, geloofsvertroue en volharding. Aan een van die hooffigure in hierdie verhaal, Prof. F. Postma, asook sovele ander wat gehelp het met die opbou van die Universiteit, het hy hulde gebring.

**BEROEP.**

In die kort tyd van sy bestaan, het die P.U. reeds diens van onskatbare waarde aan ons land gelewer. „Hierom doen ek 'n beroep op bemiddelde Afrikaners om by te dra tot die fondse van die Universiteit," het advokaat Strijdom verklaar. Dit is die taak en plig van die Afrikaanse Universiteite om in alle opsigte gunstig op te weeg teen die Engelse Universiteite, maar sonder die nodige fondse is dit 'n onbegonne taak.

**EISE.**

Die eis wat aan 'n universiteit gestel moet word, is om 'n positiewe bydrae tot die uitbou van die wetenskap te lewer en nie slegs om soos 'n worsmasjien grade en diploma's te produseer nie. 'n Besondere en belangrike eis wat aan die Afrikaanse Universiteite gestel kan word, is om die studente en so die volk op te voed om nie vyande te maak van die miljoene nie-blankes in Afrika nie. Die blanke moet inteendeel toegerus wees om altyd sy leiersposisie te behou en te handhaaf. Hiervoor moet die blanke egter van die beste allooi wees ten opsigte van morele en religieuse lewe. Vir die bereiking van hierdie toestand is die Universiteite grootliks verantwoordelik.

Nadat hy sy rede gelewer het, het Sy Edele die hoeksteen van die Administrasiegebou gelê en daarna die kafeteria formeel geopen. In sy toespraak hier gelewer, het hy met waardering melding gemaak van die feit dat die studente bereid is om self die hande uit die mou te steek vir die insameling van fondse vir noodsaaklike aanbouings.

**NOENMAAL.**

Op 'n noenmaal wat Saterdagmiddag ter ere van die Eerste Minister aangebied is, het dr. F. du Toit, Kanselier van die Universiteit, 'n ernstige pleidooi gelewer vir die stigting van 'n Fakulteit van Landbou aan die P.U. asook dat geldelike skenkings aan Universiteite belastingvry moet wees.

Van sy kant het advokaat Strijdom die noodsaaklikheid beklemtoon van 'n intense belangstelling in, en hoogagting vir, die groot taak van die Kerk, die politieke lewe en die opvoeding in ons land.

Die feit dat dit die eerste keer is dat 'n Premier van Suid-Afrika die P.U. vir C.H.O. besoek, sowel as die feit dat die rede van die Eerste Minister deur die S.A.U.K. uitgesaai is, maak hierdie geleentheid nog meer gedenkwaardig in die geskiedenis van die P.U.

---

„want die kafeteria is in die eerste plek daar vir u gerief."

Mnr. T. van der Walt het die owerhede bedank vir hulle hulp in verband met die kafeteria en met waardering melding gemaak van hierdie voorbeeld van geslaagde samewerking tussen die owerhede van die Universiteit en die Studenteraad.

---

## Rektor:

## Ondersteun jul Kafeteria!

Op die massavergadering, gehou op 13 Augustus, het die Rektor verduidelik dat dit nodig geblyk het om die koeponstelsel vir die dryf van die kafeteria te gebruik. Hoewel die stelsel bietjie lomp mag lyk, het Professor Coetzee gevra dat die studente die koeponstelsel geleentheid moet gee om te bewys dat dit prakties is. „Indien die stelsel onprakties blyk te wees, sal ek die eerste een wees om dit af te skaf," het hy beloof.

Voorts het Professor Coetzee verduidelik dat boekies met die koepons verkrygbaar sal wees by die kantoor, die Studenteraadskantoor en 'n beperkte hoeveelheid ook by die kafeteria self. Gaste kan deur studente na die kafeteria geneem word, maar dan moet die studente self die bestellings plaas en die rekening vereffen.

Ten slotte het Professor Coetzee 'n beroep gedoen op die studente om **DIE KAFETERIA HEELHARTIG TE ONDERSTEUN.** Klagtes en aanbevelings in verband daarmee, sal graag ontvang word, **en klagtes sover** moontlik uit die weg geruim word,

**J. HEIDEMA**

Vir
FIETSE,
TIKMASJIENE
en
MOTORFIETSE

**J. HEIDEMA**
(teenoor Geref. Kerk.)
Kerkstraat 30,
POTCHEFSTROOM.

Drink **S & S** en Geniet
DIE BESTE
**SUPER ORANGE**
**TING-A-LING**
**PEP-A-DILLA**
**TOP HAT**
SHERR & SHAKINOVSKY
POTCH. MINERAL WATER FACTORY
Phones 16 & 1144 P.O. Box 134



# „Kry 'n Kommando!"

**Rook Kwaliteit teen Suid-Afrika se Gewildste Prys**

NET 1/2 VIR 20
FILTER, KURK OF SONDER KURK

Omdat Kommando dag vir dag by die miljoene verkoop, rook u geurvarse* topkwaliteit-tabak teen Suid-Afrika se gewildste prys. Daarom is Kommando ook die sigaret *waarom Suid-Afrika die meeste vra.* Gee Kommando 'n kans—en oordeel self!

* *Uit fabrieke in **al vier die provinsies**, kom Kommando-sigarette kwaliteitvars by die tabakwinkel . . . geurvars en genotvol by u!*

**DIS DIE KWALITEIT WAT KOMMANDO VERKOOP!**

G1,441-2A

**Ed. L. OOMS,** (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)
• **OOGKUNDIGE.**
• **Brilspesialiteit.**
U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.
Kerkstraat 129 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 980
EIE OPTIESE SLYPERY.
Depot: CARLZEIS-JENA.

**MOOIRIVIER-APTEEK**
Kerkstraat 155,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380.
**Die Apteek vir Diens!!**

**JAY'S GARAGE**
(K. NOBEL, Eienaar)
Lombardstraat 5, Foon 175,
POTCHEFSTROOM
Voorraadhouers en Handelaars in
- MASSEY-HARRIS TREKKERS
- PLAASGEREEDSKAP,
- PLANTERS en STROPERS,
- S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
• **Wynsoorte**
en
• **Spiritualieë**

**CORNER FRUIT STORE**
vir al u
- VRUGTE, LEKKERS,
- SIGARETTE,
- KOELDRANKE en
- VERVERSINGS.

**VRUGTE en GROENTE.**
Bekend vanweë sy
**UITSTEKENDE DIENS!!**

DAMES!!
Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT
teen baie redelike pryse.
OOK ALLE TOILETWARE.
**CACHET MODES (EDMS.) BPK.**
TOMSTRAAT 56A — FOON 1389
POTCHEFSTROOM

MALAN MEUBILEERDERS
S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,
POTCHEFSTROOM.
•
KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

Die Wapad
Donderdag, 6 September 1956.
**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**

# HOE MOET ONS STEM ?

Die verkiesings is hier. Een van die dae sal almal weer in groepies saamdrom om te gesels oor wie geskik is vir hierdie posisie en wie ongeskik is vir daardie posisie. Vir twee weke lank sal verkiesings die hoofonderwerp wees van baie gesprekke. Daarom is dit goed dat elkeen van ons vir 'n oomblik stilstaan, en ons houding ten opsigte van die verkiesings 'n bietjie in oënskou neem.

Daar is verskillende uitgangspunte waaruit hierdie saak gewoonlik benader word. Vir sommige mense is populariteit die maatstaf waarmee gemeet word. „Dit moet 'n gawe ou wees, iemand van wie ek hou". Dan is daar diegene wat net vir 'n man stem omdat hy 'n sekere kursus volg. Daar is ook hulle wat dit nie die moeite werd ag om vooraf aan die hele kwessie te dink nie. Hulle kom gewoonlik by die verkiesingsvergadering aan, en vra vir die persoon wat langs hom sit: „Vir wie moet ek stem?" Dit is net 'n paar van die maniere waarop verkiesings benader word.

Daar is ook die mense wat liplekkend fluisterveldtogte op tou sit — skinderpraatjies wat soos 'n veldbrand deur die universiteit versprei. Tevrede en selfvoldaan word die hande dan saamgeslaan wanneer die arme slagoffer nou deeglik swartgesmeer is. As verskoning word dan aangebied: „Hy wou mos."

Ook hiermee is almal nog nie tevrede nie. Op hierdie stadium tree daar gewoonlik 'n paar persone na vore, wat verkies om hulleself te sien as die redders van die P.U. Hulle begin dan „kook", soos dit oor die algemeen genoem word, onder die voorwendsel dat hulle organiseer. Om te organiseer vir iemand is nie verkeerd nie, maar daar is twee maniere waarop organisasie kan geskied — die regte manier en die „kook-manier."

Al hierdie dinge kom gewoonlik voor. Wanpraktyke wat floreer! En tog is die teendeel so eenvoudig, so voor die hand liggend. Ons eerste maatstaf by verkiesings behoort te wees die belang van die studentegemeenskap. „Is hy die mees geskikte persoon vir hierdie posisie? Sal hy die beste diens lewer?" Dit behoort ons maatstawwe te wees. Persoonlike smaak, algemene opinie en derglike faktore behoort op die agtergrond te staan. Ons moet stem vir die man wat ons studente en ons univeristeit se belange die beste sal bevorder. En bowenal moet ons stem vir hulle wat sal werk, nie vir eie eer nie, maar tot die eer van die Here.

**REDAKSIE**

F. W. de Klerk (Hoofred.), J. C. Coetzee (Onder-hoofred.), P. J. S. de Klerk, D. C. Coetsee en mej. M. Stoker (Nuus), mej. H. E. Dekker (Kuns), J C. Coetzee en mej. E. C. L. Seyffert (Sport), H. J. van der Walt, P. J. de Bruyn en mej. J. Erasmus (Varia), P. Brandt (Aflos) en C. Harrington (Fotograaf), mej. H. Rautenbach (Kuns).

**ADMINISTRASIE**

J. C. Hendriks (Sakebestuurder), A. G. E. Yssel (Advertensie-bestuurder) B. v.d. Walt, P. J. Riekert, H. Steyn, J. Hoogenboezem, C. J. Steenkamp, A. Pyper, J. le Roux, F. Roux, mejj. K. Pretorius, M. v.d. Merwe en A. Opperman.

## Oordenking

### Hy lyk nie baie op sy pa nie, ne?

HAB. 2:19: Wee hom wat vir 'n stuk hout sê: Word wakker! vir 'n dooie klip: ontwaak! Kan hy 'n mens leer? Kyk hy is oorgetrek met goud en silwer en daar is geen gees in sy binneste nie.

Hy lyk nie juis baie op sy pa nie, nê? Ek bedoel mnr. Wetenskap van Vandag. Kyk hoe senuweeagtig sit hy en rondskuiwe op sy stoel. Met sy pa, mnr. Wetenskap van die Vorige Eeu, was dit nogal heelwat anders gesteld . . . .

Groot, sterk en kalm het hy daar gesit. Rustig in sy professorale stoel; asof hy al jare lank daar sit en nog baie jare lank daar sal bly sit. Eerbied wou mens aangryp: „U lyk baie op God, geagte Wetenskap van die Negentiende Eeu. God is volmaak — ook u het daardie stadium bereik. God is getrou — ook u stellings kan nooit weer herroep word nie. God is waaragtig — ook by u is alles waarheid. God is Almagtig — ook u het al die elemente in bedwang. Inderdaad, dit lyk of u die lankgekoesterde ideaal van u Vader, die Satan, gaan verwerklik — hy wat in sy hart gesê het: ‚Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God. Ek wil glim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!'."

Maar — helaas. Hierdie sterk pa van mnr. Wetenskap van Vandag was niks anders as 'n stuk hout en 'n dooie klip met goud en silwer oorgetrek maar sonder 'n gees in sy binneste nie. Netjies het hy sy onmag en leegheid van binne bedek onder 'n glans van volmaaktheid en getrouheid, van waaragtigheid en almagtigheid. Maar die stormwinde van die twintigste eeu het gekom — die atoombom en die straalvliegtuig, vreemde ideologieë soos die liberalisme en die kommunisme wat al sterker word en rewolusie van sedes en van godsdiens, van politieke en van tegniek saambring — en dit het die goddelike glans van mnr. Wetenskap van die Negentiende Eeu afgewaai sodat ons nou sy ware karakter ontbloot voor ons sien lê: 'n Witgepleisterde graf maar van binne vol doodsbeendere; 'n stuk hout en 'n dooie klip met geen gees in sy binneste nie.

Wat het nou van sy seun geword . . . .? Mnr. Wetenskap van Vandag? Natuurlik het hy op sy vader gesteun soos dit 'n goeie seun betaam. Ja, hy het hom aanbid. Sy vader, wat 'n stuk hout was en 'n dooie klip sonder 'n gees in sy binneste, was sy god. En nou — nou dat sy vader ontmasker is, noudat dit blyk dat hy nie raad het teen die stormwinde van die twintigste eeu nie, nou het die moderne wetenskap geen anker meer nie. „Wee hom wat vir 'n stuk hout sê: Word wakker! Vir 'n dooie klip: ontwaak! Want hy kan 'n mens nie leer nie. Sodra die glans van die goud en die silwer waarmee hy hom oorgetrek het weggewaai is, omhul hy hom in 'n ewige swye — blyk dit dat hy geen raad het nie. Daarom flikker daar gedurig 'n vraagteken op die voorkop van mnr. Wetenskap van Vandag: Hy het raad in hierdie atoomeeu só nodig en hy het geen raadgewer nie. Hy het geen god nie. Hy het geen hoop nie want die hoop is die hartstogtelike verlange om altyd by die Here jou God te wees omdat Hy jou enigste grond is, jou begin en jou einde — jou sekerheid, jou vastigheid, jou doel. Daarom is die moderne wetenskap soos een wat geen hoop het nie. Die humanistiese strewe van sy vader, die magtige wetenskap van die negentiende eeu, het oor die hele linie gefaal. En hy het die dodelike resultate ge-erf . . . . Die poorte van die hel het dit oorweldig.

Geagte studente, hier het u enkele grepe uit die lewe van die wetenskap van die verlede en die hede soos dit aan die meeste universiteite bestaan het en nog bestaan. Dank daarom u Vader wat in die hemel is, dat u 'n student is aan die P.U: vir C.H.O: Want hier is 'n ander wetenskap — 'n wetenskap wat hom grond op God as sy enigste sekerheid, sy enigste doel; wat nie 'n stuk hout of 'n dooie klip is nie maar wat 'n gees in Sy binneste het — die Gees van God Almagtig, deur Christus Jesus, onse Here; wat daarom is soos een wat hoop het — hoop dat die poorte van die hel dit nie sal oorweldig nie maar dat hy al sy beoefenaars sal lei tot op die pragtige pad van Hebr. 11: Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die Woord van God toeberei is . . . . tot Sy eer; tot ons behoudenis.

Louis Aucamp

**J. TOD SUTTIE.**
Komplete
**Mansuitrusters**
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
Kerkstraat 127 — Telefoon 1,
POTCHEFSTROOM

Phone 369 Foon 369
POTCHEFSTROOM
For/Vir
**"SUNFROZE"**
**Roomys — Ice Cream**

'N GROOT VERSKEIDENHEID
„ARTIST'S" OLIEKLEURE,
POEIERVERF, en
SKILDERKWASSE
is tans verkrygbaar teen dieselfde pryse
as in Johannesburg by
**HARRY JEDEIKIN**
Foon 639 115 Kerkstraat

MNR. J. S. DU PLESSIS,
U VERTEENWOORDIGER VAN
**REMBRANDT**
Meyerstraat 9 — Telefoon 897
POTCHEFSTROOM.

**O. K. BAZAARS**
**Waar Suid-Afrika koop !**
DIE O.K. BAZAAR HOU DIE MARK ELKE DAG
DOP VIR WINSKOPIES WAT ONS LAER PRYSE
STEEDS LAER LAAT DAAL.
DEUR ONS WINSKOPIES BESPAAR U
**Koop kontant en bespaar**
**O. K. Bazaar, Potchefstroom**
Foon **404** Posbus **102**

**I. GLASER**
H/v 137 Kerkstraat en Autolaan
OMEGA en TISSOT
HORLOSIES

VIR . . . . .
VIS, ERTAPPELS,
VERVERSINGS, ens.
Von Wiellighstraat 13,
POTCHEFSTROOM.
**WELKOM KAFEE**

**DAVY ROBERTSON**
**KUNSSENTRUM**
Vir die Mooiste
PORTRETTE en RAME
SANLAM-GEBOU

KOM SIEN ONS—
vir al u
• Fotografiese
en
• Aptekersbenodigdhede.
**GEEN & VELLEMAN**
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

**DIE BULT FIETS- en SKOENREPARASIE-WINKEL**
LANGS WELKOM-KAFEE.
Besoek ons vir betroubare werk en spoed!
FIETSE, SKOENE en
FIETSONDERDELE.

**DIE ARCADIA HAARKAPPERS**
VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.
„Netheid en Kwaliteitswerk"
is ons Leuse.
Bedieners van Dames sowel as Mans.

**HAROLD'S**
AUTOMOBILE SERVICE STATION.
Kerkstraat 166 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
•
Voorraadhouers van alle
Onderdele en bykomstighede
vir u Motor, Trekker, ens.

**PRESIDENT CAFE**
FOR:
• SWEETS,
• GRILLS
and
• COOLDRINKS

Bus 206 Tel. 164 & 1167
H/v. Wolmarans- en
Van Riebeeckstraat
**CENTRAL CASH STORE**
POTCHEFSTROOM
Vir Vars Vrugte,
Groente,
Kruideniersware,
Damesuitrustings,
Kombuisgereedskap.
ONS IS DIE BILLIKSTE IN DIE DORP.

**WESTVAAL**
Studente !!!
VIR KWALITEIT
DROOGSKOONMAAK
STUUR NA
**WESTVAAL**

# Van Studenteraadsweë

In die laaste „Van Studenteraadsweë" van 1955 is u ewe bedeesd gevra om maar sagkens te werk met die jong, onervare veertiental wat u daargestel het. Vandag word u ewe bedeesd bedank vir u vertroue, steun, geduld en lydsaamheid.

Ons het dit verlede jaar as ideaal uitgespreek: om te alle tye ten nouste met alle P.U.-studente saam te werk. Maar dan nie so dat samewerking as sodanig voorop gestel word nie. Veel eerder dat ons studentegemeenskap in die afwesigheid van enige groepvorminge eenpariglik **dit wat eie aan ons Alma Mater is, sal uitbou en uitdra.**

Wat die Studenteraad van 1956 in hierdie verband kon verrig, kan u maar gerus ook op u eie rekening skrywe. Want om vas te stel wat deur die Studenteraad en wat deur die studente tot stand gebring is, is bykans onmoontlik.

En hiervoor dan ons opregte dank.

Vir oulaas 'n paar sakies wat in die afgelope tyd aandag kon geniet:—

### STUDENTEHANDBOEK.

Die totale koste verbonde aan die druk van die Studentehandboek het £500 beloop. Aangesien 1000 eksemplare gedruk is, beteken dit dat die kosprys op 10/- per boek te staan kom.

Die Studenteraad het dit egter goed geag om die boek teen 8/6 stuk aan studente te verkoop — en dus elke boek met 1/6 te subsidieer — en teen 12/6 aan buitestaanders.

'n Lys wenke en aanbevelings met die oog op die publiksie van 'n opvolger sal ook gereeld nagehou word. As u enigiets ter verbetering van die Studentehandboek aan die hand te doen het — en dit behoort nie moeilik te wees nie — laat weet ons gerus.

### KLEURE.

'n Afsonderlike kleurereglement is bykans in gereedheid. Voortaan sal die enigste praktiese voorwaarde vir die verkryging van kleure nie meer bloot

(i) slaagpunt in sg. Brosjure-eksamen en

(ii) vir tweede jaar ingeskrewe stuwees,

wees nie. Die belangstelling van die betrokke student in die studentelewe sal wel deeglik getoets word. Hierdie reglement sal naamlik o.a. 'n uitbreiding op art. V A (iii) van die Huishoudelike Reglement van die Studenteraad bevat.

### FINANSIES.

Die geldsake van die Studenteraad word tans weereens onder oë geneem. Miskien mag 'n wenkie of twee — en dalk iets meer positief — aan die nuwe Studenteraad oorgedra kan word.

### NOGEENS KOEPONS.

Koepons vir gebruik in die kafeteria is tans verkrygbaar by:

(i) Administratiewe kantoor, P.U. vir C.H.O.;

(ii) Studenteraadskantoor;

(iii) Koshuise:

Klawerhof: E. Geertsema;
Piet Groblerhuis: C Smit;
Dawie du Plessishuis: D. Postma;

Heimat: J. J. A. Steenkamp;
Uitspan: H. Coetzee;
Ons Huis: R. V. Venter;
Postmahuis: P. J. du Bruyn;

(iv) Kafeteria: 'n Geringe hoeveelheid boekies word ook saans vir noodgevalle in die Kafeteria aangehou.

### VREUGDEDAG.

Van die fondse wat vanjaar deur die Vreugdedagkomitee ingesamel is, word die rekordbedrag van £525 vanjaar aan liefdadigheid afgestaan. Hiervan gaan

£175 aan die Kindersorg- en Liefdadigheidsgenootskap van Potchefstroom, en

£350 aan die Trans-Oranje Skool vir Dowes (Pretoria).

### STUDENTESAAL.

Waar ons nuwe Magasyn, Diskoteekkamer en Argief bykans voltooi is, kan die los goed wat in elke skuilhoekie van die Studentesaal 'n heenkome moes vind, gerus nou verwyder word.

Dieselfde geld vir die koeldrankbottels en wat dies meer sy wat na funksies en gesellighede die kaartjieskantoor oorlaai. Die Studenteraad het besluit dat sulke bottels na 'n week verkoop en die rekening van die betokke instansie dan met daardie bedrag gedebiteer sal word.

### VERKIESINGS.

Maandagaand, 10 September — Donderdagaand, 13 September is verkiesingsweek. Vir besonderhede in hierdie verband verwys ons u na die Reglement vir Studenteraadsverkiesings op bls. 85 van die Studentehandboek asook na die kennisgewingbord.

Dat ons studentelewe sodanig uitgeberei het dat dit onmoontlik is om 'n mens se gewig oral in te gooi, geld in dubbele mate van die verskillende bestuurslede. Laat die verkiesings van 1956 dan uit dit daarstel:

**dat met die tradisie om al die werk op 'n handjievol krom skouers op te stapel, finaal gebreek word.**

Kies oordeelkundig, maar bring u verskillende stemme by die verskillende instansies uit op 'n groot aantal persone. Distribueer die werksaamhede vir die jaar 1957 oor die skouers van die groot aantal gewillige entoesiaste. Aan die ander kant: kies oordeelkundig vir watter instansies u u verkiesbaar gaan stel. Spesialiseer — en sorg dat u u volle gewig kan inwerp vir die taak waarvoor u verkies word.

**Aan alle nuwe bestuurslede, en veral aan die nuwe Studenteraad, krag en verligting uit die hoogte. Mag 'n ryke en vrugbare jaar u deel wees.**

T. v.d. W.

---

# Pragtige skenkings aan die P.U.

Namens haar man het mevr. dr. Gerhard Moerdijk Saterdagoggend 'n geskenk van £2,500 aan die P.U. vir C.H.O. oorhandig. Die rente van die geld sal in die vorm van beurse ter beskikking van studente in die beeldende kunste gestel word.

Van haar kant het mevr. Moerdijk 'n stel waardevolle Duitse boeke aan die biblioteek gegee.

Prof. dr. G. Dekker het die egpaar op gepaste wyse bedank.



## VAN DIE REDAKSIE

Postmahuis,
P.U. vir C.H.O.

1 September 1956.

Geagte Pukke,

Daar is nou nog net 'n paar sake op ons sosiale jaarprogram wat moet afgesluit word, voordat die akademie die leisels in hande neem. Een van die dae begin die verkiesings — 'n tyd van woelinge, botsings, vreugde en teleurstelling. Ons wil die hoop uitspreek dat alles rustig sal verloop, en dat nadat alles verby is, daar weer soos in die verlede saamgestaan en saamgewerk sal word.

Ons wil by hierdie geleentheid weereens 'n oproep doen op u, as lesers, om vryelik te kom met positiewe kritiek op „Die Wapad", om van „Die Wapad" gebruik te maak as mondstuk wanneer u iets op die hart het wat die studentegemeenskap raak.

Totdat die volgende uitgawe verskyn word aan u alle sterkte toegewens op die gebied van die akademie, sowel as ander gebiede wat u mag betree (en hier dink ons veral aan daardie gebied waarheen die koms van die lente 'n mens altyd dryf).

Groetend,
F. W. de Klerk (Hoofred).

---

# Op die S.R.-Tafel

(8 — 28 Augustus).

- Kafeteria
- Kleure
- Vervoer
- Komitees van die S.R.
- Besembos
- Naamplaatjies, P. W. Buys-trofee
- Toere
- Geldinsameling
- Bekers en Trofees
- Finansies
- Erekleure
- Dirigentskakery
- Eerstejaars
- Sleutels- kontrole
- P. W. Buys-dagboek
- Projektor vir Studentesaal
- Rusbankies
- Studentehandboek-eksamen.

## BRIEWEBUS

### *Musiekliefhebber ontstoke.*

P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.

27 Augustus 1956.

Geagte Redaksie,

Ek is seker ek spreek namens vele musiekliefhebbers onder ons Pukke as ek die saak van die plateprogramme Sondagaande aanroer. Baie van ons sien werklik die hele week daarna uit om gedurende hierdie uurtjie rustig na die plate wat gedraai word te luister en die musiek te waardeer.

Daarom wil ek 'n vriendelike dog dringende versoek rig tot diegene wat geen belang by die aanbiedinge het nie, maar blykbaar na 'n geleentheid soek om onstigtelik te wees, om asseblief nie die verrigtinge daar te kom steur nie.

Laat ons ook daar ons welwillendheid teenoor mekaar betoon.

Dankie vir plasing.

C. P. J.

# DIE HOFKONSERT

## 'n finansiële sukses.

Naas die opvoering van die Hofkonsert op Potchefstroom, het die geselskap al op die volgende plekke ook opgevoer: Krugersdorp, Linden (Johannesburg) en Ventersdorp.

Tot op hede blyk dit dat hierdie aanbiedinge van vermaak vanuit finansiële oogpunt gesien 'n groot sukses is. Daar is reeds 'n netto-wins van plus minus £800 geïn. Met nog twee opvoerings in die vooruitsig, word daar getrag om die £1000-kerf te oorskry.

Vanuit vermaaklikheidsoogpunt gesien, word daar baanbrekerswerk verrig deur die geselskap. Daar word getrag om die program by die publieke smaak aan te pas en daarom is daar groot wisseling in die programaanbieding.

„Miskien word daar vanjaar 'n stewige fondament vir die toekoms gelê," het een van die lede van die geselskap in 'n onderhoud verklaar. „Ons hoop dat in die toekoms met vrug geleer sal kan word uit vanjaar se arbeid."

## *Vervolg: Simfoniekonsert.*

Dit klink alles baie superlatief gestel. Daar was natuurlik klein insinkinge; maar dis nie dinge wat mens onthou nie. Jy onthou net dat dit 'n baie, baie mooi aand was.

Maar agter daardie genot lê daar baie meer as wat mens mag vermoed. Toe die bestuur van die Musiekvereniging aan die begin van vanjaar besluit het om Anton Hartman te nooi, het hulle deeglik geweet dat dit g'n speletjiestaak was nie. Dis nie 'n geringe prestasie om meer as negehonderd mense in die Studentesaal bymekaar te kry en dit tydens 'n langnaweek nie — maar dis presies wat gebeur het. Die geesdrif was eenvoudig ongekend en die plekbesprekings het teen gemiddeld skrams onder die honderd per dag aangegroei. En dié dinge het nie vanself gekom nie. Die paar slae dat ek agter die skerms kon inloer, het ek besef hoe daar regtig gewerskaf word.

Danksy die pragtige ondersteuning en die hulp van die Stadsraad, is die konsert sonder verlies in finansiële opsig.

Dit maak mens al klaar gretig om volgende jaar se konsert by te woon. En mens kan maar hoop dat Anton Hartman self weer sal oorkom. Want laat dit nou gesê word: hy het hom bemind gemaak deur sy optrede Saterdag. Die manier waarop hy presies uit sy orkes haal wat hy wil hê, dwing die bewondering af; en die manier waarop hy teenoor die publiek optree, maak hom gewild.

Die slotsom dan? Ons wil dankie sê — en dit diep uit die hart uit doen.

# Die Republikeinse strewe van die Afrikaner.

Die rede oor „Die rol wat die Republikeinse gedagte gespeel het in die wording van die Afrikanervolk" wat op Dinsdagaand 14 Augustus tydens die programvergadering van die A.S.B. in die Totius Gedenksaal gelewer is, was die produk van die betrokke liggaam se Studiekomitee. Dit is deur die voorsitter van die Studiekomitee, mnr. P. J. de Bruyn, voorgedra en getuig van 'n deeglike studie wat van die onderwerp gemaak is.

Inleidend het mnr. de Bruyn aangetoon dat die Republikeinse gedagte in Suid-Afrika gedurig verander het vanaf 1652 tot 1956 weens die feit dat die staatsvorm moes aanpas by die gees van die tyd. Hy het die Republikeinse gedagte omskrywe as „een tema waarna elkeen wat homself 'n Boer wou noem, gestreef het, en hierdie een gedagte het gebly en sal bly solank as wat daar in Suid-Afrika 'n Boerenasie sal woon." Spreker wil dan ook hierdie een gedagte met drie woorde aandui, naamlik vryheid, onafhanklikheid en selfstandigheid.

Hierna het spreker 'n volledige uiteensetting gegee van die ontwikkeling van die republikeinse strewe in Suid-Afrika vanaf 1652 tot 1956. Na hierdie baie heldere uiteensetting kon daar geen ander gevolgtrekking gemaak word, as dat Suid-Afrika nou ryp is vir verdere staatkundige ontwikkeling, en wel in die republikeinse rigting.

By dieselfde geleentheid het mnr. Jeremy Ambler die studentelewe aan die Universiteit van Cambridge geskets, en dit toegelig deur ligbeelde te vertoon.

**MATESIS**

**IS 'N MOET!**

*Ons sal graag wil hoor van 'n jongman met B.Sc. of B.Com. wat 'n sterk aanleg het vir matesis en wat hom wil bekwaam as aktuaris. Ons bied 'n aantreklike begin-salaris aan die regte persoon . . . vinnige bevordering en alle moontlike hulp van ons kant terwyl hy studeer.*

*Adresseer asseblief u navrae aan:*

**DIE PERSONEELBESTUURDER**

**AFRICAN HOMES TRUST & INSURANCE CO. LTD.**

Posbus 93, KAAPSTAD.

Telefoon: 24931.




# Fotografie is 'n Kuns

Ooreenkomstig die doel wat hy voor oë het, sal die vereistes wat die fotograaf aan sy foto's stel, verskil. Die fotoversamelaar wil graag duidelike kiekies hê; die man wat argiefopnames wil hê, laat die kamera 'n duidelike verhaal vertel; die portretfotograaf laat die karakter spreek; die kunsfotograaf kies tonele van groot skoonheid om 'n emosionele ondervinding te verewig.

Hierdie laaste punt kan geneem word as die doel van elke kunstenaar in die fotografie. Kuns leen egter nie tot ontleding nie, en ewe min kan die emosionele inhoud van 'n foto verdeel word in terme van fisiese kwaliteite. Maar uit 'n deeglike studie van die werke van die groot meesters kan tog sekere grondbeginsels vir die rangskikking en komposisie neergelê word. Dit is byvoorbeeld bekend dat lyne in 'n sekere vorm gerangskik, aktiwiteit weergee, en dan in 'n ander vorm weer staties is. Maar 'n foto wat streng volgens neergelegde reëls gebou is, mag net soveel emosionele waarde hê as die blou-afdruk van 'n argitek, dus....

Die eerste reël wat die fotograaf moet onthou, is dat eenvoud tel. Te veel detail mag die oog wegtrek van die hoofobjek in die foto.

Die foto moet nooit in twee gelyke dele deur 'n vertikale of horisontale lyn verdeel word nie. In landskappe waarin die horison voorkom, moet die lyn van die horison een derde van die afstand van die bokant of die onderkant van die foto wees. Laasgenoemde verdeling, naamlik dié van twee derdes lug en een derde voorgronde, is altyd verkieslik, op voorwaarde dat die wolke 'n essensiële deel van die komposisie uitmaak.

Hou die kante en hoeke vry van voorwerpe wat aandag trek!.

As mens nou die foto horisontaal en vertikaal in derdes verdeel, vind mens dat die lyne mekaar op vier plekke sny. Hierdie punte (kruispunte) is die sterk punte op die foto. Dit is hier waar 'n voorwerp die meeste klem ontvang en die mees opvallende is. Twee voorwerpe van belang moet nooit op dieselfde horisontale vlak geplaas word nie, al is dit op die sterk punte van die foto. Daar moet liewer gebruik gemaak word van die hoër of laer kruispunte vir die tweede voorwerp. Probeer altyd om 'n ligte voorwerp teen 'n donker agtergrond te plaas, want kontras tel! In straat- en ander tonele is die V-vorm van die lug dikwels onaangenaam vir die oog. Hier kan die luglyn gebreek word deur 'n skoorsteen of toring of iets wat teen die lug uitstaan.

Die oog beweeg gewoonlik oor die foto vanuit die hoofpunt nadat toegang verkry is vanaf die middelpunt, totdat dit 'n verwante balans aan die anderkant opvang. Hierdie idee van balans het nie alleen betrekking op die plasing van die dele binne die foto nie, maar ook op aksent van die objekte wat in die verskillende vlakke geplaas word. Balans in 'n foto is nie bloot net 'n saak van donkerder of ligter massas nie, maar ook grootliks van afgeleide aandag wat bereik kan word deur middel van teenstellende lyne. Hierdie teenstelling van lyne vind ons in die konstruksie wat gevorm word deur die gang van 'n pad of stroom wat op 'n geskikte plek op die voorgrond begin en dan terugloop in die foto in terwyl dit met sy kronkelgang hoeke vorm. Dit verdwyn hier en verskyn dan weer 'n endjie verder, om lyne en hoeke te vorm wat almal meehelp om die oog te lei in die foto in, en die aandag binne die foto te hou. Wat die toegang in 'n foto betref: Lyne gevorm deur 'n pad of stroom of iets dergeliks bied dikwels goeie toegang tot 'n foto. Dieselfde effek kan egter bereik word deur die voorgrond oop te laat, sodat die oog daaroor heengly en die foto self binnedring. Pasop egter vir te veel voorgrond!

'n Gunsteling middel waardeur fotograwe toegang tot 'n foto verleen, is 'n boog of deur wat in skaduwee gehul is — dus min of geen detail. Aangesien die oog meer getrek word deur lig as deur donker, beweeg dit vinnig oor die donker heen na waar die foto die helderste is.

Om terug te keer tot die pad en die stroompie: Dit kan grootliks meehelp om perspektief in die foto te bring. Daar is egter ander voorwerpe wat hiertoe kan hulp verleen. Dink byvoorbeeld aan 'n laning bome, telegraafpale, ensovoorts. Sorg dat daar diepte in u foto is!

Soos reeds genoem, is dit moontlik om sekere „geraamte" konstruksies neer te lê wat foto's sal lewer wat aan tegniese vereistes sal voldoen. So vind ons byvoorbeeld die driehoek-, die kruis-, die ster-, die S- die O-; die weegskaal- en die L-konstruksie. Enige van hierdie kan in enige foto toegepas word, of selfs meer as een in dieselfde foto. My standpunt is egter dat ons slegs hiervan moet kennis neem maar ons tog nie te veel daardeur moet laat bind nie.

Van hierdie genoemde konstruksies is die driehoek die mees bekende, en dit verskaf stabiliteit aan die foto. Die kop en skouers in 'n portretstudie neem byna altyd hierdie vorm aan.

Horisontale lyne verskaf 'n indruk van vreedsaamheid, kalmte en rus. Vertikale lyne weer gee stabiliteit en krag weer, terwyl diagonale dui op aktiwiteit en energie. Diagonale het egter bystand nodig, want hulle is nie sterk genoeg om op hulleself te staan nie.

Lyne lei die oog in 'n foto! Lyne wat 'n foto in twee sny sonder om êrens onderbreek te word, lei die oog uit die foto uit. Pasop dus daarvoor!

'n Foto moet ook nie onvolledig voorkom nie. 'n Belangrike deel moet nie weggelaat word nie. Dit kom nie daarop neer dat dit nie toelaatbaar is om slegs die kop en skouers en in sommige geval slegs 'n gedeelte van die gesig weer te gee nie, maar dat die foto geen onbeantwoorde vraag by die waarnemer moet laat nie. Dink byvoorbeeld aan die skaduwee van 'n mensefiguur, terwyl die persoon wat verantwoordelik is vir die skaduwee nie sigbaar is nie!

Laat u foto's spreek en laat hulle 'n volledige verhaal vertel.

# Simfoniekonsert

## 'n skitterende sukses.

„Nee, kyk, ek wil nou niks sê nie — maar dit was darem nou wragtie uit die boonste rak!" Hy rek hom behaaglik uit.

Sy kamermaat pluk 'n hemp oor die kop. „Ek het vyf sjielings betaal en dit het hard gegaan. Maar ek sê nou vir jou ek sal dit dubbel betaal om dit nog 'n slag te hoor."

* * *

Oë blink in oë. Sy talm nog 'n oomblikkie in Kulu se deur. „Jong ek moet vanaand darem groot dankie sê. Dit was pragtig."

* * *

„Daardie De Villiers is net my tier. Dis darem nou sommer spéél gewees daardie, hoor!"

„Jy moet darem nie die koor gaan vergeet nie. Mens hoor nie aldag so iets nie."

* * *

Sulke dinge het mens gehoor ná die Simfoniekonsert van Saterdagaand die eerste. En dit was ook glad nie nodig om spesiaal by 'n man te kom en te vra: „Hoe't jy daarvan gehou? nie. Dit het sommer vanself uitgekom. Hoe kon dit ook anders? Want dit is nie aldag dat mens sowat hoor nie.

So 'n oomblikkie se agteroor sit, met toe oë, om weer stilletjies na alles te luister, sal nie onvanpas wees nie: Heel eerste die **Kleine Nachtmusik.** Wie ken dit nie? Sommer met die intrap kon mens jou verluister. Die **Romanze** kon miskien 'n rapsie stadiger aangepak gewees het; so hier en daar sou mens nog 'n raps meer dartelheid wou hoor — maar as geheel het dit mens genoeglik laat regskuif.

Toe kom die Kroningsmis, wat seker die aand se hoogtepunt was: Anton Hartman het selwers verklaar dat hy nog nie 'n koor só hoor sing het nie. En wie is ons dan nou om anders te dink? Die jubelende, pragtige **Gloria,** die teer-mooie **Agnus Dei** — en sommer die hele werk — was 'n balsem vir die gees. Anna Papendorf het met mooi inlewing en glans gesing; Mathildé du Plessis het verbaas met 'n baie suiwer en sterk stem; mens was eintlik jammer dat daar nie meer geleentheid vir Luther Backer, die bas, was om sy stem te laat hoor nie. Die mooi spel tussen koor en soliste, die flitsende lig en skadu van forte en piano, het mens sommer uit die staanspoor beetgeneem. Die feit dat al die deelnemers dit klaarblyklik met oorgawe **geniet** het om te sing, het dit vir die gehoor ook 'n genot gemaak.

Pieter de Villiers se vertolking van die D mineur-konsert, na 'n effens onsekere eerste deel, het deur die fyn liriek van die tweede deel aangegroei na 'n pragtige weergawe van die Rondo.


Die mooi klein Linz-simfonie het 'n paar mooi hoogtepunte gebied, veral in die Allegro Spiritoso van die eerste en die Presto van die laaste deel.

Die toegif-minuet was 'n bekoorlike en fyn afsluiting.

(Vervolg op bladsy ses)

# Lof vir „THALIA" nie oordrewe.

Met die opvoering van „Thalia" in die Totius-Gedenksaal, is bewys dat die gunstige kritiek wat die geselskap met die opvoerings in Suidwes-Afrika ingeoes het, geensins oordrewe was nie. Die gehoor het die opvoering geniet en ongunstige kritiek is slegs van enkele individue gehoor.



**JOHAN VAN DER VYVER** as Wynand en **WALDA BOTHA** as Lena was in „Gebed in Clarendon" die uitblinkers. Al die ander spelers het hulle egter goed van hul taak gekwyt.

Dit gaan egter moeiliker om die uitblinkers in „Liefde en Spelfoute" uit te sonder. **Al die rolle is uitstekend vertolk,** hoewel die rolle nie dieselfde geleenthede aan die spelers gebied het nie. Miskien kan **ALWYN DU PLESSIS** uitgesonder word vir sy vertolking van die rol van Pasquin. Sy spel herinner sterk aan die van Siegfried Mynhardt.

Die eksperiment om 'n blyspel en drama in dieselfde program aan te bied, kan nie anders as baie geslaagd beskou word nie.



Mej Walda Botha (regs) en mnr. Alwyn du Plessis (bo) wat groot lof ingeoes het in S.W.A. vir hul spel in „Liefde en Spelfoute".

# Oorsig oor die Nuus

(Alle name in die verhaal is denkbeeldig en het nie betrekking op enige persoon nie.)

Uit hoogs betroubare bron word verneem dat Minister G. P. S. Chomanski met 'n groot meerderheid van stemme herkies is tot leier van die coupon-party, met Minister S. Ditotski as Ere-Sekretaris. Op 'n vergadering wat spesiaal belê is om die coupon- en die anti-coupon partye met mekaar te versoen, het die beleid van die coupon-party weer duidelik na vore gekom, naamlik om skepe slegs deur middel van koepons deur die Suez-kanaal te laat. Slegs 2/6 koepons mag gebruik word, maar dit het slegs betrekking op skepe wat met „bicycle-balls" loop en wat voorsien is van glimstroke op die agterstewe. Groter skepe mag egter nie van die Suez-kanaal gebruik maak nie. Ons beriggewer meld verder dat hoewel die coupon-party nog die grootste aantal stemme het, dit 'n gevoelige knou gekry het toe mnr. H. Cotsefski van die Diplomatieke Korps en eertydse voorstander van die coupon-party, oorgestap het na die anti-coupon-party. Die coupon-party se posisie word nog verder verswak deur die neutrale houding van 'n groot voorstander van genoemde party, naamlik Pidi Wetski van die Departement Administratio. Gerugte doen die ronde dat Veldmaarskalk J. Chrotsefski, opperbevelhebber van die Departement Administratio, dit tans oorweeg om ook oor te stap na die anti-coupon-party. As hierdie gerugte bewaarheid word, sal skepe eersdaags seker weer sonder koepons deur die Suez-kanaal mag vaar.

## ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

## UITSLAE

### RUGBY.

Theos 3 Goldfields 14
Theos 0 Lichtenburg 11
Navy 20 Goldfields 17
Navy 6 Blyvoor 3
O.19A 9 Goldfields 0
O.19 A. 26 Blyvoor 0
Fires 13 Witrand 28
Fires 6 Garnisoen 6
Tekkies 8 Dorp 14

### HOKKIE.

1e Span 2 Normaal 5
1e Span 6 Dorp 0
1e Span 5 Garnisoen 1
2e Span 1 Rustenburg 0

### DAMESHOKKIE.

**11 Augustus**
2e Span 1 Strathvaal 4

**15 Augustus**
1e Span 3 Potch. Dorp 1

**18 Augustus**
1e Span 0 Viljoenskroon 0

**18 Augustus**
2e Span 0 Potch. Dorp 1

**22 Augustus**
1e Span 1 Normaal 2e Span 1

**25 Augustus**
2e Span 0 Witrand 1

**S.A.N.L.A.M.**
Word verteenwoordig deur
**MNR. VENTER,**
**Noordbrugweg 3 — Telefoon 1247,**
**POTCHEFSTROOM**
**Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.**

**Studente . . . !!**
**Vir al u**
- **Handboeke,**
- **Skryfbenodigdhede,**
- **Leertasse,**
- **Geskenke, ens.!**

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS
**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
**Kerkstraat 90 — Telefoon 497**

**SAAMWERK WINKEL,**
VON WIELLIGHSTRAAT 13
**Foon 515**
**Algemene Handelaars**
**KRUIDENIERSWARE, HARDEWARE, KLERASIE,**
en **SKRYFBEHOEFTES**
"Kom ondersteun ons Pukke!"

**UNIE BAKKERYE**
**Posbus 244 — Foon 167 en 1086.**
**BROOD, KOEK en PASTEITJIES.**
**Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.**
**TROUE-, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.**
**Kerkstraat 38, Potchefstroom.**
**Spoorwegstraat, Klerksdorp**

**PRO REGE-PERS Boekhandel**
en
**Antikwariaat.**
**vir al u**
**Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.**
**Kerkstraat 59 — Telefoon 1164**

**BLITZ!...**
**DROOGSKOONMAKERS**
**Stuur u klere na ons . . . ons sal weet wat om daarmee te doen!**

**TURKSTRA BAKKERY**
**Raadpleeg ons vir . . .**
- **BRUIDSKOEKE,**
- **BROOD**

**en**
- **ALLE KOEKSOORTE.**

**ELKE DAG VARS . . . !**

# Miekie se laaste briefie.

KOELOE,
POTS.
27 OGISTIS.

Lievste oom soois en tant fya,

Die hartseer fan passerde keer is nog teenwoorrig. Fandag foel ek eers sleg wantit is mei ou heellaaste brievie aan oom hille fan Pots af. Oe oom, ek sal sowaar na hierie plek firlang en al sei mensi ok want al het almal een of anner tyt met mei skoor gesoek, al hettie mans so baijemaal mei arme viets so ferrinniweer latik dage moes sikkel om hom skoon van die ghries ti krei of om wint in sei wiele te krei, ekkit fir almal liev giwort.

Ekkit nourie dag mei laaste korfbal wetstreit gespeel en toe koeloe wen en ons die ientirkossittie skilt krei wassik blei en tog fol fannie droefhyt. Oppie plaas sil ek maar weer saammittie seens foetbol speul. Satterag het hi baije belangrike man ons kaffee en atminnistratiewe geboue se hoeksteen kom lê en ek was blei latik hom kon sien wantit was oom hans streidom.

Fan mei ou beste makies het fir mei 'n afskeitspartykie gegee Ai, ek was so hartseer want toe los mei jongekie mei ook nog omlat ek weggaan want hei sê lattit yttie oog yttie hart sal wees. Is ok maar seker goet want hoe sou ek geweet het of hy mei nie dalk kul eendag as ek weggisie.

Seker die kinders wat ekke die meeste na sal firlang is ou biebie met haar steiwe knie, mariena met haar ou penfrienkie, saarkie groblir met haar ou soet stemmekie (veral innie batkamir) allie lawaaieragge tweedejaars met herrie en annike aan die foorpint, mei ou kamermakie, gewese ou jongekie, mei ouhere watik maar alteit net fir oom fan kon firtel het:. . ek sien so dytlik fir ou nokkels met sei foetbolstappie, wimpie wat silke lelike gesigte kon trek, on efwee wat alteit maar moes organieseer en ons hoofseen, tjaarkie. Hei het alteit fir mei hi ou goeije woorkie gihat. Nou is ek weer van fooraf so hartseer maarit helpie om te hyl want nou is darie meer hi groot jongekie sakdoek om te helppie. Ek sallie eers mei arme eerstijaarmakies kan noemie, daar is ameeljia, anieta en haar oulike jongekie, pieter, mariesjin en marlien (die stil enekie) en Konstins wat so baije kon praat.

En oom, ons ousie (dis nou nie iemand se sussie nie maar ons meit) wat ek alteit so lekker mee zoeloe kon gesels sal ekok mis. Ek wonnir fir wie sal tanta nou koekies en biltong stier en pieksiekepse brei? Dalk sal sei eendag fir mei help assik weer iemant krei wat fir mei omgee mettie troessou.

Morre klim ek oppie tryn en ek sil maar mei plig as frou gaan doen oppie plaas waar pirtei mense sos johan bys mei okkie sil kan pla.

Lievde aan almal wat fan mei hou,

MIEKIE.

## Brosjure-Wysheid

**Uit die antwoorde van die eerstejaars:**

Die beginjare van hierdie Teologiese Skool het **te paard gegaan** met baie moeilikhede.

* * *

Die Tweede Vryheidsoorlog van **1999.**

* * *

**Universitêre wetgewing** was teen die gewetensklousule van die P.U. vir C.H.O.

* * *

Die man wat die beste op sportgebied presteer kry die **Curriebeker.**

* * *

Aan die Universiteit word 'n Litterasiese departement **gesit.**

* * *

Na inkorporasie het die Inrigting bekendgestaan as die Potchefstroomse **Onderwyserskollege** vir Christelike Hoër Onderwys.

* * *

Senator H. F. Verwoerd het in **1919 teen die gewetensklousule geveg.**

* * *

Die Voorsitter van Thalia is Johann van der **Pfijfer.**

* * *

Dirk Postma is die **Penningmeester** van die S.R.

* * *

Die Totius-Gedenksaal mag gebruik word deur die **proffesore en hul gades.**

* * *

Die Voorsitter van die S.R. is **Tjort** van der Walt.

* * *

Die P.U.K. op Burgersdorp.

* * *

Totius het 'n petisie opgestel om die Teologiese Skool by Potchefstroom te kry.

# *Twinkle, Twinkle, Little Star.*

deur

Madame Désillusionner malade
d'amour

**Voorspellings vir September.**

**21 Aug — 20 Sept.**

VIRGO: Die eerste paar dae is effens teleurstellend maar onverwags sal sake rooskleuriger word. As u 'n eerstejaar is sal u baie besig wees met die foon. Indien u gekys is, sal u in elk geval maar ook besig wees. U bekommer u oor iets, maar moenie „worrie" nie, want aan die einde van hierdie jaar sal u rus nodig hê.

**21 Sept: — 20 Okt.**

LIBRA.: Moet niks doen voordat u nie gerus het nie en moenie rus voordat u nie gewerk het nie. Daar is 'n hele paar verrassings vir 'n ouheer wat nog nooit vantevore een gehad het nie. Oudames moet hulle aandag by hulle werk bepaal en hulle sal sukses behaal.

**21 Okt. — 20 Nov.**

SCORPIO.: Daar is 'n paar probleme wat sleep aanbetref vir mans. Dit is baie moontlik dat die lente u tot kys sal aanspoor. Vir dames sal dit 'n opwindende maand wees en u sal moet versigtig wees met u antwoorde, want . : . . spyt kom te laat.

**21 Nov. — 20 Des.**

SAGITTARIUS.: Geluk in u familie sal u beïnvloed. Elke persoon sal 'n brief ontvang. U moenie te veel waag en 'n kans vat met 'n toets nie, veral U.O.D. studente. Probleme sal tot 'n minimum beperk wees. 'n Baie gelukkige maand vir diegene wat van geel dasse en sokkies hou.

**21 Des. — 20 Jan.**

CAPRICORN.: Pasop om te aktief te wees want 'n ineenstorting kan die gevolg wees. Moenie bekommerd wees oor dinge van die verlede nie. Dames is besonder populêr maar hulle moet versigtig wees vir mans wat lyk asof hulle 'n liefdesteleurstelling gehad het. As daar 'n skinderstorie of twee is, laat dit van jou rug afrol soos water van 'n eend s'n.

**21 Jan — 20 Febr:**

AQUARIUS.: Goeie vordering is merkbaar in al u doen en late. U sal onverwagte teenspoed optel maar die terugslag sal nie te nadelig wees nie. Geluk is voor die deur en u moet dit net reg gebruik. Mans moet hulle woorde tel en dames moet hulle s'n weeg.

**21 Febr. — 20 Mrt.**

PISCES.: U moenie te veel komplimente gee nie, want u ontvang soms onwares terug. Pasop vir reptiele. Daar is 'n verrassing per pos vir diegene wat korrespondeer. Wees versigtig met geld en moenie te veel rondry nie. Van al u kwellings oor hierdie voorspellings, sal u nogal gewig verloor.

**21 Mrt. — 19 Apr.**

ARIES:: Dames moet vir mans oppas want hulle sal pogings aanwend om met fietse te sukkel. Vir mans en dames sal dit baat om vriendelik te wees. Die maand verloop verder baie rustig en u ontvang 'n uitnodiging.

**20 Apr. — 20 Mei.**

TAURUS.: U moet harder werk. Pasop vir u „wit" want dit kan verkeerd verstaan word. U besoek 'n fotograaf en die resultaat is verrassend. U moenie te hoogmoedig wees of te gou kwaad word nie, want u slepery gaan bekroon word.

**21 Mei — 20 Junie.**

GEMINI.: Dit is 'n baie buitengewone tyd van die jaar vir u. Werk is volop. U ontvang 'n goeie uitnodiging per foon. Mans is besonder aktief. Daar is 'n krisis voor die deur maar u oorwin alles. Pasop vir geld!

**21 Junie — 20 Julie.**

CANCER: Wag tot die tweede week voor u ernstige begin werk. Dames moet op hulle hoede wees vir mans wat Palmolive haarolie gebruik. Wees ferm en hardkoppig as u hierdie maand vonke wil sien spat. U sal 'n gemaskerde party bywoon en sal iets ouliks daar ontmoet.

**21 Julie — 20 Aug.**

LEO: Pennies bring vir u baie geluk en u sal die teater besoek. Werk is volop en teleurstellings gering. U sal 'n sosiale sukses wees as u u net nie so aan praatjies steur nie.

**LOOCK**
**Kleremakers**
**Calderbanksgebou,**
**Kerkstraat 102 — Telefoon 855**
**POTCHEFSTROOM.**

**J. P. van der WALT**
**APTEEK**
**Kerkstraat 111 — Potchefstroom.**
**„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"**
**Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.**

# Theos verslaan Klerksdorp

In een van die beste wedstryde wat vanjaar nog op Park gespeel is, het Theos na hul reeks teleurstellende vertonings reggeruk, en Klerksdorp met 26—9 geklop. Dit was 'n wedstyd waarin die Pukke die bal rondgegooi het en van al hulle kanse gebruik gemaak het. Die uitblinker op die veld was Stoney Steenkamp wat 14 punte aangeteken het. Hy was orals op die veld.

Theos se voorspelers het met 'n ongekende vuur gespeel en De Lange en Steinberg het die lynstane oorheers. Pieter Thiel en Pierre Maritz het uitgeblink op die verdediging en ons voorry was eens te veel vir Klerksdorp. Pine Pienaar en Cecil Harrington het goed gekombineer en ons agterlyn was altyd gevaarlik wanneer hulle die bal gekry het.

Theos se punte is aangeteken deur Stoney Steenkamp, Nokkels Fourie, Fanus Blom, Cecil Harrington en Pine Pienaar.

### NAVY.

In 'n harde wedstryd het Navy daarin geslaag om Klerksdorp 8—5 te klop. Navy se drieë is aangeteken deur Hennie v.d. Walt, na 'n voorspelerstormloop, en Don Human wat 'n drie in die hoek gedruk het na 'n dwarsskop van klein Dick Putter.

### O. 19A.

Die o.19 A. het nie veel moeite ondervind om Klerksdorp 29—0 te klop nie. C. Kruger en Hoogenboezem het hier vi rdie meeste punte gesorg.




„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER
STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg RA136 XZZ

# Skitterende vertonings deur Manshokkie.

In die laaste drie wedstryde van die seisoen het die eerste manshokkiespan met hulle allerbeste spel voor die dag gekom.

Eers het hulle met Garnisoen, van wie hulle vroeër in die seisoen slegs 'n gelykopbeslissing kon afdwing, afgereken deur hulle in 'n ligawedstryd met 5—1 te oorrompel. Die wedstryd is veral gekenmerk deur die skitterende samespel van die Pukke se voorlyn met Piet van Wyk altyd aan die voorpunt. Op middelskakel het Horst Wiese weer eens met puik spel voor die dag gekom, terwyl Ben Potgieter in so 'n mate elke beweging van Garnisoen se voorlyn, wat met 2 Wes-Transvaal-spelers kon spog, verongeluk het dat, hulle teen die einde van die wedstryd totaal moedeloos was.

Daarna is Potch. Dorp wat aan die begin van die seisoen die Pukke 2—0 verslaan het, heeltemal van hulle voete gespeel, en kan P.U. spog met 'n pragoorwinning van 7—0. In alle afdelings van die spel was die Pukke die meesters op die veld en spoedig moes die Dorpspelers verslae toekyk hoe die Pukke die bal na hartelus heen en weer laat beweeg.

Op Saterdag 25 Augustus het die 1e span aan sy laaste liga-wedstryd van die seisoen deelgeneem en weer eens was daar geen keer aan die Pukke nie. Hierdie keer was die slagoffers Proefplaas wat nieteenstaande moedige verdediging 'n loesing van 6—0 op die lyf geloop het. Weer was dit die P.U.-voorlyn — juis die afdeling van die spel waaraan die Pukke die grootste deel van die seisoen mank gegaan het, wat puik gespeel en die bal lustig rondgeskiet het.

Doele is aangeteken deur Piet van Wyk, Christi Coetzee en Paul de Bruyn (2 elk).

Ook die 2e span het met puik spel 'n oorwinning van 1—0 oor die sterk eerstespan van Rustenburg behaal.

Met hierdie oorwinnings het die manshokkie die stempel geplaas op 'n jaar, waarin daar van heel **onder 'n span opgebou moes word,** se werk.

# Theos en Normaal gelykop

In 'n harde wedstryd waarin baie strafskoppe toegeken is, het Theos gelykop gespeel met Normaal met 14 punte elk.

Ongelukkig het swak hanteerwerk verhoed dat ons meer punte aangeteken het, veral toe Cecil langs die pale deurgebreek het en die bal agter die doellyn verloor het.

Ons punte is aangeteken deur Blom en Stoney.

### NAVY

Steyn Swanepoel het Navy se enigste punte aangeteken met 'n mooi drie in die wedstryd teen Normaal. Navy het ook verdien om hierdie wedstryd 3—0 te wen.

Die O.19A. het het soos gewoonlik weer amok gemaak en Normaal met 23—0 verslaan.

# Tafeltennis

„Die pasgestigde tafeltennisklub het reeds met rasse skrede vooruitgegaan, en kon hierdie kwartaal wegspring met ongeveer 65 lede. Alhoewel die ledegeld van 5/- per jaar 'n struikelblok vir 'n groot getal lede was, is die entoesiasme so groot dat die klub al feitlik op eie bene kan staan. Die klub is gestig buite die jurisdiksie van die Studenteraad, maar in die toekoms sal daar oorweging geskenk word aan inskakeling", het mnr. P. J. Kruger in 'n onderhoud verklaar.

Algemene oefening vind elke Woensdagmiddag in die Totius-Gedenksaal plaas van 2 nm. tot 5.30 nm. Pogings word aan die werk gesit om meer oefentye te reël want om hierdie binneshuise sport kunstig te kan beoefen, is gereelde oefening noodsaaklik.

DIE BULT SKAATSBAAN

„PUKKE, ondersteun ons vir AANGENAME ONTSPANNING!"

Oop vanaf 7.30 in die aand

JOE'S MOTORS

25 Kerkstraat Foon 923

HANDELAARS IN ONDERDELE
KOOP EN VERKOOP
TWEEDEHANDSE
MOTORS

ONS WAARBORG ALLE
HERSTELWERK.